SKOOLREËLS EN GEDRAGSKODE

A: ALGEMEEN

1. Wees altyd hoflik en bedagsaam teenoor ander, handhaaf goeie maniere en gebruik gesonde oordeel;
2. Groet altyd beleefd en met respek. Spreek leerkragte aan as “Meneer” of “Juffrou”;
3. Wees altyd vriendelik en hulpvaardig teenoor ander;
4. Van leerders word verwag om op te staan wanneer hulle met onderwysers praat of deur onderwysers aangespreek word;
5. Seuns mag nie met hande in hul broeksakke staan of loop nie;
6. Staan regop en moenie teen die mure leun nie;
7. Geen kougom is toelaatbaar op die skoolterrein nie;
8. Eet word streng verbied gedurende klastyd en wisseling van klasse;
9. Geen balspele word tussen klasverwisseling en by hekke of op sypaadjies toegelaat nie;
10. Die gebruik van vuurwerke op die skoolterrrein is streng verbode;
11. Die gebruik van skoolfasiliteite gedurende vakansies is streng onderhewig aan die vooraf toegestaande goedkeuring deur die skoolhoof en is slegs toelaatbaar vir ingeskrewe leerders van Hoërskool Louis Trichardt;
12. Geen vorm van handeldryf of besigheid mag op die skoolterrein bedryf word nie;
13. Geen leerder mag op trappe, by die hekke of in deurgange (poorte) staan of sit en sodoende die gebruik daarvan vir ander persone blokkeer nie;
14. Geen leerder mag ‘n motorfiets of ‘n motor voertuig sonder die toepaslike lisensie op die skoolterrein bestuur nie;
15. Geen leerder mag enige vorm van intimiteit ten toon stel terwyl hy/sy onder die jurisdiksie van die skool is nie, bv. hande vashou, soenery of rondstap met die arm om die skouers, terwyl hy/sy in die publiek verskyn nie;
16. Geen persoon wat nie ‘n ingeskrewe leerder van Hoërskool Louis Trichardt is/was, mag enige deel van ons skooluniform of sportdrag dra nie;
17. Geen aktiwiteite mag op Sondae op die sportgronde plaasvind nie;
18. Geen diskriminasie of teistering op grond van geslag, ras, seksuele oriëntasie, of geloof sal geduld word nie.

B: ORDEREËLINGS

1. SKOOLDAG

Aanvang: 06:50

Verdaag: 13:45

2. SKOOLTERREIN

Leerders mag nie gedurende skooltyd sonder vooraf verkrygde toestemming die skoolterrein verlaat of verbode areas betree nie.

3. SKOOLDRAG

- Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees.
- Geen kentekens wat nie skoolgerig is mag gedra word nie, veral op skoolbaadjies.
- Geen leerling mag erekleure dra as hy/sy dit nie verwerf het nie.
- Geen vorm van lyfkuns (tatoeëring) mag sigbaar wees wanneer die skooluniform gedra of aan sport deelgeneem word nie. DIT MOET VERBERG WEES.
- Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode.
- Gedurende ‘n gewone skooldag of eksamen, mag geen leerder die skoolterrein binnekom mits hy/sy nie die korrekte skooldrag aan het nie. Dit geld ook indien die leerders vir ekstra klasse, inligtingnavrae of dissiplinêre verhoor skool toe kom.
- GEEN tradisionele drag of ander wysigings van die voorskrifte vir skooldrag sal sonder die skriftelike toestemming van die beheerliggaam aanvaar word nie.
- Vol skoolsweetpakke mag nie as skooldrag gedra word nie.
- Die sweetpakbaadjie of sportbaadjie se rits moet te alle tye toe wees.

4. DOGTERS: SKOOLDRAG

STEL 1: SOMER (1 September - 31April)	STEL 2: WINTER (1 Mei - 31 Augustus)
• Wit kortmou skoolbloes, wapen op sak, sykante ingekeep • Bloes mag oor romp hang • Maroen rompie: mag nie nouer afgestik word nie, lengte moet 4cm bokant die knie wees en band in die middel mag nie omgevou word nie • Wit skoolkouse, netjies omgevou by enkels • Swart skoolskoene: toeryg of gespe- tipe. GEEN ANDER MODIEUSE SWART SKOENE, BALLETSKOENE OF LAPSKOENE TOEGELAAT NIE • Geen das word by die uniform gedra nie • Maroen oortrektrui (pullover) of langmou trui mag gedra word. • Geen gryslangbroeke • Geen gryskouse	• Wit skoolhemp. Wit langmou skoolhemde moet by die pols vasgeknoop wees. Anders moet dit netjies omgevou word tot net bokant die elmboog. As ‘n das gedra word, moet die boonste knoop toegeknoop word en die dasknoop netjies tot bo getrek word. • Grys skoollangbroek: GEEN ANDER MODIEUSE GRYS BROEK NIE • In die winter (**1 Mei – 31 Aug**) word grys skoolkouse saam met langbroeke gedra • Maroen rompie, saam met grys lang skoolkouse wat netjies omgevou moet word sodat skoolstrepe sigbaar is • Swart skoolskoene: toeryg of gespe- tipe. GEEN ANDER MODIEUSE SWART SKOENE, BALLETSKOENE OF LAPSKOENE TOEGELAAT NIE • Das is opsioneel • Maroen oortrektrui (pullover) of langmou trui is opsioneel. • Geen somersdrag word in die winter toegelaat

4.1. REËLS TEN OPSIGTE VAN DOGTERS SE SKOOLDRAG

1. Dogters mag slegs maroen “ski pants” onder die maroen rompie dra, geen ander onderklere mag sigbaar wees nie;
2. BLANKE DOGTERS: Slegs wit- of roomkleurige bra en kamisool sonder drukwerk mag onder skoolhemp gedra word. GEEN SWART EN ANDER HELDERKLEURIGE ONDERKLERE MAG GEDRA WORD NIE;
3. SWART DOGTERS: Mag wel wit of swart bra en kamisool sonder drukwerk onder skoolhemp dra.GEEN HELDERKLEURIGE ONDERKLERE MAG GEDRA WORD NIE;
4. Enige leerder wat nie by die voorgeskrewe reëls hou nie, sal summier huis toe gestuur word om haarself korrek te gaan klee en ouers sal gekontak word.

4.2. JUWELE EN GRIMERING

1. Geen helderkleurige (neon) horlosies mag gedra word nie;
2. Geen horlosies met aanhangsels soos “charms” mag gedra word nie;
3. Geen armbande (plastiek, rubber of leer) word toegelaat nie. Mediese inligtingsbande mag wel gedra word;
4. Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele is verbode;
5. Oorbelle: slegs een paar wat deur ‘n gaatjie aan die oorbel gesteek word. Slegs goue of silwer knoppies, pêrels en diamante (nie groter as 5mm nie) of ringetjies (nie groter as ‘n 10c-stuk nie) mag gedra word. Geen gekleurde steentjies. Oorbelle moet identies in beide ore wees. NIKS MAG AAN OORRINGETJIES HANG NIE.
6. Slegs een seëlring mag gedra word;
7. Geen grimering (onderlaag, oogpotlood, maskara, lipglans, lipstiffie) nie;
8. Geen gekleurde naellak, vals naels of vals wimpers nie;
9. Kleurlose naellak is toelaatbaar. Geen prentjies of blinkertjies daarop nie;
10. Naels moet kort geknip, skoon en netjies wees;
11. Geen vorm van lyfkuns (tatoeëring) mag sigbaar wees wanneer die skooluniform gedra of aan sport deelgeneem word nie.

4.3. HARE

1. Hare moet natuurlik en netjies wees;
2. Enige merkbare verandering in haarkleur sal as ‘n ernstige misstap gesien word en volgens die gedragskode hanteer word;
3. Lang hare moet vasgemaak word as dit die hempkraag raak, in EEN OF TWEE poniesterte;

4. Alle kuiwe moet bokant die wenkbroulyn wees, lang kuiwe moet vasgesteek wees;
5. Geen slierte is toelaatbaar nie. Dit moet netjies vasgesteek wees;
6. VASMAAK: Knippe, rekkies en linte mag slegs wit, swart, geel en maroen wees. ROOI EN NEONGEEL IS NIE DEEL HIERVAN NIE. LINTE MAG NIE KOLLE OF PRENTJIES OF ENIGE DRUKWERK OP HÊ NIE. HAARKNIPPE MAG NIE BLINK GOED, "DIAMANTE",OF SILWER "BLING-BLING" OP HÊ NIE. GEEN LAPBLOMME OF GEHEKELDE HAARBANDE MAG GEDRA WORD NIE.
7. ETNIESE HARE: Moet in 'n netjiese styl wees. Een of twee ponies as dit die kraag raak. Swart het nie skakerings nie, dus haarstukke en verlengings mag dan slegs swart wees. GEEN ROOI, BRUIN OF PIENK NIE. GEEN ANDER KLEUR STREPIES IN HARE NIE. Hare moet met rekkies, linte vasgemaak word, NIE MET KNIPPE OF ANDER HARE NIE. Lang hare mag nie agter langer as tot by die rompie se band wees nie. Hare mag nie 'te veel' en 'te groot' bo op die kop wees nie. Indien wel moet alles met knippe vasgesteek word.
8. Enige leerder wat nie by die voorgeskrewe reëls hou nie, se versierings sal op beslag gelê word. Leerlinge sal summier huis toe gestuur word om die hare/voorkoms reg te stel en die ourers sal gekontak word.
9. Dogters met hare wat van so aard gekleur is, dat dit in teenstelling met die skoolreëls is, word na me. Lochner gestuur.

5. SEUNS: SKOOLDRAG

STEL 1: SOMER (1 September - 31April)	**STEL 2: WINTER (1 Mei - 31 Augustus)**
• Kakiehemp en – kortbroek • Lang grys skoolkouse – netjies om-gevou sodat skoolstrepe sigbaar is. • Slegs swart leerbostuk skoolskoene met ronde punte – veter of aanglip tipe (Bata of Bronx-tipe) • Maroen oortrektrui (pullover) of langmou trui • **GEEN GRYS LANGBROEKE**	• Wit skoolhemp. Wit langmou skoolhemde moet by die pols vasgeknoop wees. Anders moet dit netjies omgevou word tot net bokant die elmboog. As 'n das gedra word, moet die boonste knoop toegeknoop word en die dasknoop netjies tot bo getrek word. • Grys skoollangbroek met swart fatsoenlike belt • Slegs swart leerbostuk skoolskoene met ronde punte – veter of aanglip tipe (Bata of Bronx-tipe) • Langmou maroen trui of oortrektrui (pullover) • Skoolbaadjie – Opsioneel • Das is opsioneel • **GEEN KHAKI-SKOOLDRAG**

5.1. REËLS TEN OPSIGTE VAN SEUNS SE SKOOLDRAG

1. Voorgeskrewe skooldrag is verpligtend.
2. Elke Triegie seun moet op grond van sy skooldrag geïdentifiseer word.
3. Geen onnetheid sal geduld word nie.
4. Geen los geknoopte dasse, hemde wat oopgeknoop is of uithang nie.
5. Broekspype mag nie opgerol word nie. Broeke mag nie afgestik word dat dit soos 'n skipant pas nie. Dit moet losspassend wees.
6. Geen musse, pette en ander hoofbedeksels mag saam met skooldrag gedra word nie. Die amptelike skoolmus ("beanie") mag slegs in die winter (1 Mei – 31 Aug.) gedra word en nooit in die saal of in die klaskamer nie.
7. Die oortrektrui (pullover) mag nie oor die langmou trui aangetrek word nie.
8. Geen broeke (kort of lank) mag onder die middellyf sit nie.
9. Geen vellies of swart tekkies, formele gepunte skoene of lapskoene nie.
10. Geen oordrewe gespes ("buckles") nie.
11. Slegs wit onderhemde of T-hemde mag gedra word maar mag nie sigbaar wees of enige drukwerk op hê nie.
12. Enige leeder wat nie by die voorgeskrewe reëls hou nie, sal summier huis toe gestuur word om homself korrek te gaan klee en ouers sal gekontak word.

5.2. JUWELE

1. Ringe, oorbelle, kettings en armbande (plastiek, rubber of leer) is nie toelaatbaar nie. Slegs mediese inligtingsbande.
2. Indien enige van die bogenoemde by seuns gevind word, sal dit gekonfiskeer word en eers aan die einde van die jaar teruggegee word.
3. Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele is verbode.
4. Geen vorm van lyfkuns (tatoeëring) mag sigbaar wees wanneer die skooluniform gedra of aan sport deelgeneem word nie.
5. Geen helderkleurige (neon) horlosies mag gedra word nie

6. Geen horlosies met aanhangsels soos “charms” mag gedra word nie.

5.3. HARE EN VOORKOMS

1. Hare mag nie gekleur word nie.
2. Hare moet kort langs die kante en met ‘n gepaste lengte bo-op gesny word.
3. Hare mag nie aan die ore of kraag raak nie.
4. Kuiwe mag nie aan die wenkbroulyn raak nie. Twee vingerbreedtes bokant die oë.
5. Geen vreemde of onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie.
6. Hare moet altyd netjies en skoon wees.
7. ETNIESE HARE:
   – Geen vreemde of onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie.
   – Geen patrone mag in die hare of wenkboue ingesny word nie.
   – GEEN INVLEGSELS, “KLOSSIES” OF “DREADLOCKS” NIE.
8. Geen lang wangbaarde (sidies) nie.
9. Seuns moet altyd glad geskeer wees. Indien nie, sal ‘n skeermes aan die seun oorhandig word om by die skool te skeer met koue water, sonder seep. Geen sigbare snorre en stoppelbaarde is toelaatbaar nie.
10. Kort, skoon goedversorgde naels.
11. INDIEN ENIGE SEUN HOM WEERHOU VAN ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE REËLS, SAL DIE SEUN SUMMIER HUIS TOE GESTUUR WORD OM SY VOORKOMS TE VERBETER. OUERS SAL GEKONTAK WORD.

5.4. DRAG OP KOUE DAE

Die volgende mag saam met enige van die bogenoemde stelle gedra word:

- Skoolbaadjie
- Skooltrui
- Merietebaadjie
- Skoolmusse mag nie in klastyd, tydens saalopening of opening in die vierkant gedra word nie.

INDIEN ‘N LEERDER ‘N PROBLEEM HET MET DIE KORREKTE SKOOLDRAG (BV. SKOENE IS STUKKEND OF VOETE HET BLASE ENS.) EN DAN IETS ANDERS MOET DRA, MOET DIE BETROKKE LEERDER ‘N BRIEF VAN SY/HAAR OUERS AF BRING WAARIN HULLE DIE SITUASIE VERDUIDELIK. DIE TOESTEMMINGSBRIEF MOET IN VOOGPERIODE AAN ME. LOCHNER (DOGTERS) OF MNR. BARNARD (SEUNS) OORHANDIG WORD, WAAR TOESTEMMING AAN HULLE VERLEEN SAL WORD VIR DIE DAG.

6. SPORTDRAG

Die voorgeskrewe sportdrag :

- Die sportdrag moet self aangekoop word. Eerstespan drag kan van tyd tot tyd verander en sal deur die afrigter aan die spelers deurgegee word.
- Daar is ook ‘n spesifieke eerstespanbaadjie wat deur al die eerste spanne van die skool gedra word. Hierdie baadjie moet self aangekoop word met toestemming van die skool.
- Die skoolsweetpak met tekkies mag na alle sportbyeenkomste gedra word. Let wel: geen plakkies mag saam met die sweetpak of sportdrag gedra word nie.
- Die borg van sportdrag moet aan die vereistes soos in die beleid t.o.v. borgskappe, soos deur die beheerliggaam saamgestel, voldoen.
- Die beleid moet deeglik bestudeer word alvorens enige geborgde klere gemaak word.
- Die voorgeskrewe prosedures ten opsigte van borgskappe moet ook stiptelik nagekom word om te verseker dat geen ongelukkigheid oor onaanvaarbare drag ontstaan nie.
- Alle deelnemers en toeskouers moet skoon geskeer en sonder grimering wees wanneer hulle die skool verteenwoordig. DIE NORMALE REËLS VIR DIE VASMAAK VAN DOGTERS SE HARE GELD OOK HIER.

ATLETIEK: SEUNS & DOGTERS	**KRIEKET: SEUNS & DOGTERS**
• Maroen kortbroek ‘Board Short’ en atletiekhemp • Kort maroen “skipant” mag slegs tydens deelnaame aan item gedra word	• Wit krieket langbroek • Wit golfhemp • Krieketskoene of tekkies

RUGBY: O/14 TOT 2e SPAN	**NETBAL: O/14 TOT 2e SPAN**
• Maroen rugbybroek • Maroen met geel gestreepte rugbytrui • Maroen rugbykouse met skoene	• Maroen geplooide romp met geel insetsel • Moulose Triegiehemp • Kort wit kouse word omgevou • SLEGS erkende netbaltekkies is aanvaarbaar • Slegs kort maroen “skipant” mag gedra word

RUGBY: EERSTESPAN	**NETBAL: EERSTESPAN**
• Wit rugbybroek • Trui en kouse word verskaf (volgens voorskrif)	• Netbaldrag soos deur span en afrigter gekies • Moet volgens skool se kleure wees • Lengte word deur afrigter bepaal • Kort wit kouse word omgevou • SLEGS erkende netbaltekkies is aanvaarbaar • Slegs kort maroen “skipant” mag gedra word

SWEM: DOGTERS	**SWEM: SEUNS**
• Goedgekeurde eenstukswembroek	• Verkieslik ‘n Speedo

SOKKER	**GHOLF**
• Amptelike drag,soos bepaal deur afrigter, moet volgens die skool se kleure aangekoop word.	• Khakibroek • Hemp word voorsien • Gholfskoene is verpligtend.

TENNIS: SEUNS & DOGTERS	**FIETSRY: SEUNS & DOGTERS**
• Maroen kortbroek • Triegiehemp (met of sonder moue) • Kort wit kouse – omgevou • Slegs erkende tekkies	• Triegie fietsryhemp • Fietsrybroek (slegs swart) • Tekkies of fietsryskoene • Valhelm en handskoene is verpligtend • Bril opsioneel

HOKKIE: DOGTERS **O/14 TOT 2e SPAN**	**HOKKIE: SEUNS** **O/14 TOT 2e SPAN**
• Maroen romp met geel en blou insetsel • Moulose Triegiehemp • Maroen kouse met “hokkie” in geel letters	• Triegie golfhemp • Maroen Triegie ‘Board Short’ • Maroen kouse met “hokkie” in geel letters
HOKKIE: EERSTESPAN	**HOKKIE: EERSTESPAN**
• Wit romp met maroen en blou insetsel	• Maroen Triegie “Board Short”

HOKKIE: DOGTERS **O/14 TOT 2e SPAN**	**HOKKIE: SEUNS** **O/14 TOT 2e SPAN**
• Wit hemp met maroen en blou insetsel • Maroen en wit gestreepte kouse	• Wit hemp met maroen en blou insetsel • Maroen kouse

7. DRAG BY ANDER GELEENTHEDE

7.1. TOERE, KONSERTE, ENS.

- Die aard van die funksie of toer sal die drag bepaal.
- Dit sal vooraf aangekondig word.

7.2. TOESKOUERS BY SPORTGELEENTHEDE

- Toeskouers dra gewone skooldrag of ‘n netjiese khaki- langbroek of kniebroek (dogters en seuns) met ‘n Triegiehemp.
- Slegs skoolskoene of aanvaarbare tekkies.

7.3. KULTUURAKTIWITEITE

- Gewone skooldrag word gedra behalwe waar die betrokke aktiwiteit ‘n ander drag vereis.

7.4. LOSLITDAE

- Geen prikkelende kleredrag, lae hals, onsmaaklike bewoording of boodskappe op T-hemde ensovoorts nie.
- Kortbroek moet ten minste helfte van bo-been toemaak.
- Mini-rompe en rokkies se lengte mag nie KORTER as 4 vingers bokant die knie wees nie. Die lengte moet so wees dat trappe klim nie ‘n probleem skep nie.
- Geen spaghettibandjies by bostukke nie – breed oor skouers.
- Geen maag of middel mag uitsteek by klere nie.
- Onderklere mag nie uitsteek by klere nie – dit geld vir deurskyn ook.
- Geen styfpassende broeke (kort en lank) vir seuns of dogters nie.
- GEWONE SKOOLREËLS GELD VIR GRIMERING, JUWELE EN VOORKOMS.

7.5. EREKLEURE

- Leerders aan wie erekleure toegeken is, mag die gekleurde koord om die skoolbaadjie dra.
- Die erekleurewapen en die koord mag slegs met skriftelike toestemming van die skool aangekoop word.
- SLEGS leerders wat kwalifiseer vir erekleure, mag dit dra.
- GEEN ANDER LEERDER MAG DIÉ BETROKKE LEERDER SE BAADJIE DRA NIE.

7.6. MATRIKULANTE

- Indien matrikulante besluit op drastiese haarstylveranderings en haarkleur vir die matriekafskeid, moet die hare teruggekleur word na die normale kleur en weer volgens skoolreëls gedra word met die volgende skooldag.

7.7. TASSE

Die vereistes waaraan skooltasse, wat deur die leerders gebruik word, moet voldoen:

- Die tas moet van ‘n stewige materiaal wees wat boeke behoorlik stut of versterkte afskortings moet in die tas geplaas word.
- Die tas moet groot genoeg wees om al die boeke vir ‘n bepaalde dag te hanteer.
- Daar mag nie op tasse gekrap of geskryf word nie.
- Tasse moet te alle tye onder toesig wees om diefstal uit tasse te beperk.
- Tasse word voor skool op die stoepe by die registerklas geplaas.
- Aan die begin van elke pouse word dit by die volgende klas geplaas.

8. ROL VAN LUK-LEDE, KOSHUISPREFEKTE EN LEERLINGLEIERS

- LUK–lede, koshuisprefekte en klasleiers is saam met die personeel verantwoordelik vir algemene skool- en koshuisdissipline.
- Van hulle word verwag om leerders wat die skoolreëls oortree, dadelik na die personeel wat aan diens is te neem, sodat die regte kanale gevolg kan word.
- Alle skoolreëls is ook van toepassing op skoolleiers
- Indien enige LUK–lid of koshuisprefek hom/haar skuldig maak aan enige ernstige misstap soos:

- Drankmisbruik, dwelmmisbruik, diefstal, bedrog, seksuele misdrywe, asook die versuim van sy/haar pligte, SAL DIE BETROKKE PERSOON SUMMIER VAN SY/HAAR AMP ONTHEF WORD.
- Alle leerders moet enige redelike voorskrif van ‘n LUK–lid, koshuisprefek of skoolleier gehoorsaam, hulle ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hulle pligte.
- LUK–lede, koshuisprefekte en skoolleiers word nie vrygespreek van enige skoolreëls nie en daar sal ook teen hulle opgetree word.

9. STIPTELIKHEID

- Wanneer leerders laat kom, moet hulle ‘n skriftelike verskoning van hul OUERS verskaf.
- Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan.

10. RONDBEWEEG DEUR LEERDERS

10.1. VOOR SKOOL

- Die leerders moet reeds om 06:50 aanmeld.
- Geen laatkommery sal geduld word nie en STRENG teen oortreders opgetree word.
- Geen onnodige rondlopery gedurende registerperiode nie.
- As leerders wel gedurende registerperiode moet rondbeweeg, moet hulle met die nodige toestemming en die huiswerkboek beweeg.

10.2. KLASWISSELING

- Daar moet flink en vinnig beweeg word tydens klaswisseling tussen periodes.
- Na drie minute lui ‘n tweede klok wat ‘n aanduiding is dat die periode amptelik in aanvang neem.
- Geen laatkommery sal geduld word nie.

10.3. BESOEKE AAN KLEEDKAMERS / KANTOOR / KOSHUIS

- Gedurende lestye mag nie rondgeloop word nie.
- Indien wel, moet die huiswerkboekie ingevul word.
- Kleedkamers word gedurende lestye alleenlik in noodgevalle besoek.
- Besoekers aan die kantoor word nie deur maats vergesel nie.
- Leerders besoek die koshuis gedurende skoolure slegs in noodgevalle en alleenlik met die skriftelike toestemming van die S.H.V. en met kennisgewing aan die betrokke matrone.
- Die kleedkamers vir seuns en meisies is nie ‘n kuierplek nie.
- Dit word verwag dat die kleedkamers te alle tye netjies en sindelik gehou word.
- Kleedkamers word slegs vir die doel waarvoor dit daar gestel is, gebruik.
- ‘n Kleedkamer is ‘n openbare plek en die nodige respek moet vir mede-leerders by die gebruik daarvan getoon word.

10.4. IN GEVAL VAN SIEKTE / BESERINGS

- Wanneer leerders tydens skoolure siek word, sal die ouers deur die kantoor geskakel word om die leerders af te haal.
- In geval van beserings en wanneer medisyne benodig word, moet by die kantoor aangemeld word.

10.5. BYWONING VAN SKOOLFUNKSIES

- Elke leerder het ‘n morele plig om ons skoolfunksies by te woon wat sportbyeenkomste insluit.
- Skooldrag na skoolfunksies is verpligtend tensy anders gereël.

10.6. POUSES / VIERKANT / AANTREE

- Gedurende pouses, voor en na skool staan leerders nie op stoepe, trappe en deurgange (poorte) rond nie.
- Geen onnodige lawaai moet voor skool of gedurende pouses gemaak word nie.
- Leerders ontvang nie besoekers gedurende pouse of kuier oor die draad nie.
- Om verstaanbare redes bly leerders gedurende pouses en voor skool weg van die omheining.
- Besoekers en vreemdelinge moet by die kantoor aanmeld / aangemeld word.
- Gedurende pouse moet leerders wat in die vierkant is, ordelik en rustig wees.
- Indien enige probleem gedurende pouse op die terrein ontstaan, moet een van die personeellede aan diens of ‘n lid van die LUK genader word.
- Wanneer die klok lui, beweeg leerders vinnig na die klaslokale.
- Verdaging uit die vierkant geskied ordelik.
- Geen leerders word naby personeelvoertuie toegelaat nie.
- Slegs die Gr12’s mag die area, wat vir hulle gereserveer is, betree.
- Geen vriend/vriendin, wat nie in Gr12 is, sal daar toegelaat word nie.

10.7. SAALGEBRUIK / SAALOPENING

- Geen leerder mag die saal of die verhoog of die lokale agter die verhoog sonder toesig van ‘n personeellid gebruik nie.
- Daar mag ook glad nie iets geëet of gedrink word in die saal nie.
- Die vleuelklavier word alleenlik met toestemming van die verantwoordelike personeel gebruik.
- Gedrag in die saal moet onberispelik wees.
- Op Maandae word na afloop van die voogperiode, in die vierkant aangetree sodat leerders ordelik die saal kan binnegaan.
- Die LUK sal ongerymdhede insake skooldrag en so meer kontroleer.
- Probleme moet onmiddellik by die LUK-voogde aangemeld word.
- Al die leerders woon saalopening by, uitsluitend die LUK wat op terreindiens is en leerders met skriftelike toestemming van die hoof wat hulle daarvan vrystel.

11. BOODSKAPPE

- Geen boodskappe tydens klastyd nie.

12. AFWESIGHEID

- Ouers of voogde moet die skool in kennis stel van enige afwesigheid voordat die skool in die oggend om 06:50 begin.
- Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool met vooraf gereëlde, skriftelike toestemming soos wat vervat word op bl. 246 van die skoolhoof of sy verteenwoordiger.
- Afwesigheid van die skool sonder ‘n aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraai beskou.
- Leerders wat vir EEN tot DRIE agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet ‘n skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê.
- Afwesigheid vir meer as DRIE agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word met die indien van ‘n brief deur ‘n GEREGISTREERDE MEDIESE PRAKTISYN.
- **INDIEN ‘N LEERDER AFWESIG IS VANAF SKOOL GEDURENDE DIE DAG, MAG DIE LEERDER NIE AAN ENIGE BUITEMUURSE AKTIWITEITE VIR DIE MIDDAG OF AAND DEELNEEM NIE.**
- ‘N LEERDER MOET TEN MINSTE 95% SKOOLBYWONING DEUR DIE LOOP VAN DIE AKADEMIESE JAAR HÊ OM TE KWALIFISEER OM DIE EINDEKSAMEN VIR DIE BETROKKE JAAR TE KAN SKRYF.

13. ONGESTELDHEID TYDENS SKOOLURE

- Die leerder moet met toestemming van die vakpersoneellid na die kantoor gaan sodat die sekretaresse die ouers/voog kan skakel.
- Geen leerder skakel sy/haar ouers nie.
- Slegs leerders se ouers/voog mag hulle by die kantoor kom afhaal, en moet die leerder by die sekretaresse se kantoor uitteken.

14. AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

- Leerders mag slegs in hoogs uitsonderlike gevalle toestemming kry om afsprake na te kom.
- Ouers moet per brief die registerpersoneellid in kennis stel, sodat die hoof die nodige toestemming gee.
- Ouers moet vooraf ‘n tyd met die leerder afspreek en hom/haar dan by die kantoor kom uitteken.
- Geen leerder sal oor die interkom geroep word nie, aangesien dit onderrig gedurende klastyd ontwrig.
- **‘n Leerder moet tot 10:00 by die skool bly om teenwoordig gemerk te word.**

15. AFWESIGHEID VAN SKOOL VIR SPESIALE GEVALLE

- Leerders mag onder normale omstandighede nie die skool verlaat voor die einde van die kwartaal nie.
- Onder spesiale omstandighede moet daar ‘n skriftelike aansoek aan die skoolhoof gerig word.
- Slegs die skoolhoof mag in hierdie geval toestemming verleen.

16. AKADEMIESE BELEID EN REËLS

- Bywoning van alle lesse is verpligtend.
- Leerders moet betyds wees vir alle lesse.
- Leerders mag nie die klas vroeg verlaat nie.
- Leerders mag nie gedurende klastyd ander personeel gaan besoek nie.
- Die privaatheid van ‘n onderwyser se lessenaar en persoonlike ruimte moet ten alle tye gerespekteer word.
- Huiswerkopdragte moet uitgevoer word.
- Parmantigheid, doelbewuste onderbreking van iemand se spreekbeurt en enige vorm van disrespek teenoor personeel is ‘n oortreding van die skool se gedragskode en sodanige leerder MAG UIT DIE KLAS VERWYDER WORD EN GEPASTE STRAF OPGELÊ WORD INGEVOLGE DIE SKOOL SE GEDRAGSKODE.

VANDALISME EN VERNIELSUGTHEID WORD STRENG VERBIED.

16.1. TOETSE EN EKSAMENS

- Alle leerders is verplig om hulle toetse en eksamens volledig af te lê.
- Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word mits die ouers van die betrokke leerder vroeg ‘n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig.
- Leerders moet hulle met die afneem van toetse en eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.
- Leerders ontvang ‘n amptelike skoolrapport aan die einde van elke kwartaal.
- Indien die leerder ‘n toets mis sonder die toestemming van die skool, vir welke rede ookal, kry hy/sy ‘n nul op sy/haar rapport.
- Indien ‘n leerder die skool amptelik op sport- en kultuurgebied gedurende ‘n toetsreeks verteenwoordig, of die toets mis as gevolg van ‘n siekte met die nodige mediese sertifikaat wat voorgelê kan word, kan ‘n addisionele datum met die vakpersoneellid gereël word. · Geen vraestelle sal voor die amptelike datum van die vak op die toetsrooster geskryf word nie.
- ‘n Leerder sal slegs toegelaat word om ‘n vraestel vroeër, en wel op die betrokke dag van die toets te skryf, ter vergunning van amptelike skoolaktiwiteite of –toere, siekte of dood in die familie.
- DIT IS NIE VAN TOEPASSING OM VROEËR OP VAKANSIE TE VERTREK NIE.

16.2. MIS VAN ‘N VOLWAARDIGE EKSAMEN

Die volgende sal op die rapport verskyn en geld vir leerders wat ‘n vak(ke) misloop gedurende die eksamen:

- Leerder wat vakke mis sonder die goedkeuring van die skool byvoorbeeld vervroegte vakansie ensovoorts, kry ‘n NUL op sy/haar rapport.
- ‘n Leerder wat afwesig is en nie ‘n mediese sertifikaat kan voorlê nie, kry ‘n NUL op sy/haar rapport.
- ‘n Leerder wat afwesig is sonder ‘n volledige aanvaarbare skriftelike verduideliking van die ouer/voog kry ‘n NUL.
- ‘n Leerder wat nie ‘n eksamenvraestel voltooi of slegs ‘n gedeelte van die eksamen in ‘n betrokke vak voltooi byvoorbeeld Wiskunde 1 en nie Wiskunde 2 nie, word as onvoltooid op sy/haar rapport gemerk.
- GEEN VRAESTEL SAL VOOR DIE AMPTELIKE DATUM VAN DIE BETROKKE VAK, SOOS OP DIE EKSAMENROOSTER AANGEDUI, GESKRYF WORD NIE.
- ‘N LEERDER SAL SLEGS TOEGELAAT WORD OM ‘n VRAESTEL VROEËR, OP DIE BETROKKE DAG VAN DIE EKSAMEN TE SKRYF, TER VERGUNNING VAN AMPTELIKE SKOOLAKTIWITEITE, OF –TOERE, SIEKTE OF DOOD IN DIE FAMILIE.
- DIT IS NIE VAN TOEPASSING OM VROEËR OP VAKANSIE TE VERTREK NIE.

17. SKOOLKENNISGEWINGS

- Leerders moet verantwoordelikheid neem om alle korrespondensie aan hulle ouers te oorhandig.
- Alle ontvangserkennings moet stiptelik aan die registeronderwyser terugbesorg word.
- Ouers moet gebruik maak van Communicator waarop inligting deurgegee word.

18. MOTORFIETSE / MOTORS / FIETSE

- Motorfietse word op die terrein toegelaat slegs as die leerder ‘n geldige rybewys kan lewer.
- Motorfietse moet by die spoedbeperking van 15 km/h op die skoolterrein hou.
- Motorfietse mag slegs in die afgebakende area parkeer word gedurende en na skoolure.
- Toestemming om die skoolterrein met die motorfiets binne te kom, kan deur die skoolhoof, op sy diskresie, teruggetrek word.
- Geen vierwiel-motorfietse word op die terrein toegelaat nie.
- Motorfietsryers mag geen passasiers sonder valhelms vervoer nie.
- Die bestuur van motorfietse deur ‘n leerder wat ‘n gevaar op die terrein vir ander leerders veroorsaak, se voorreg sal dadelik ontneem word om met ‘n motorfiets skool toe te kom.
- Leerders sal ten alle tye die verkeersreëls op en buite die skoolterrein gehoorsaam.
- Motorfietse en fietse word op eie risiko op die skoolterrein parkeer.
- Geen motor mag deur ‘n leerder op die skoolterrein geparkeer word nie.
- ‘n Afskrif van ‘n geldige rybewys word verlang van enige leerder wat met ‘n voertuig self skool toe ry.
- Voertuie moet voor die skool in die munisipale parkeerareas geparkeer word.
- Motors moet nie in die middel van die straat voor die skool parkeer word nie, aangesien dit die plek is waar busse moet parkeer om groepe wat vertrek op – of af te laai.
- Geen harde musiek mag in ‘n motor voor die skool gespeel word nie.
- Voertuie word op eie risiko voor die skool geparkeer.
- Geen leerder mag saam met ‘n ander leerder rondry sonder die skriftelike toestemming van sy/haar ouers nie.
- Leerders wat fietsry as ‘n sport by die skool beoefen, moet ten alle tye ‘n valhelm dra (ook voor en na die amptelike fietsry oefening).
- Fietse mag slegs op teerpaaie en grondpaaie rondom die skoolgeboue en op die terrein ry. Geen leerder mag met ‘n fiets deur die vierkant, op stoepe of op trappe ry nie. Indien ‘n leerder in laasgenoemde areas moet beweeg, moet sy/haar fiets daar gestoot word!

19. SELFONE / KLANK TOESTELLE (MP3's, Luidsprekers, 'Notebooks', 'Laptops' ens.)

- Selfone en toestelle word alleenlik voor skool, pouses en na skool gebruik.
- Geen selfoon of toestelle mag soos 'n "radio" kliphard gespeel word nie.
- Leerders mag selfone / toestelle na die skool bring alhoewel dit nie aanbeveel word nie.
- Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir toerusting wat by die skool gesteel word nie.
- Selfone / toestelle moet tydens lestye/toesigsessies afgeskakel word en nie sigbaar wees nie.
- Leerders wie strydig met die reëls hul selfoon / toestelle gebruik, se apparaat / oorfone sal onmiddellik gekonfiskeer word. Dit sal in bewaring bly vir 'n maand. Leerders moet na die maand toestemming van die hoof ontvang om die apparate terug te kry teen 'n betaling van R200.00 (tweehonderd rand) by die kantoor.
- Indien herhaaldelik moedswillige oortredings daartoe lei dat 'n selfoon / toestelle herhaaldelik gekonfiskeer word, sal dit slegs op afspraak deur die hoof aan die ouer, en na betaling van 'n R500.00 (vyfhonderd rand) boete, terug oorhandig word.
- Leerders mag onder geen omstandighede ongewenste foto's van personeel, hulself of ander leerders met selfone / toestelle neem nie. Oortredings van dié aard sal in terme van die gedragskode as oortredings hanteer word.
- Leerders moet ook kennis neem dat oortredings van dié aard tot siviele aanklagte teen hulle kan lei.
- Slegs toestelle wat deur 'n onderwyser uitgedeel word, mag tydens klastyd gebruik word.

20. SOSIALE NETWERKE

- Leerders moet uiters versigtig met alle vorme van die sosiale media, soos Facebook en Twitter, omgaan.
- Respekteer te alle tye die skool, personeel en medeleerders in gesprekke op dié netwerke.
- Leerders wat in enige mate afbreek doen aan die skool as instansie, of aan enige iemand betrokke by die skool, of hulle aan enige vorm van haatspraak skuldig maak, sal in terme van die gedragskode hanteer word.
- Leerders moet ook kennis neem dat oortredings van dié aard tot siviele aanklagte teen hulle kan lei.

21. FOTOSTAATMASJIEN

- Leerders mag werk teen die vasgestelde tarief laat fotokopieer, en wel ná skool of gedurende pouse.
- Dit moet vroegtydig met die sekretaresse gereël word.
- Geen leerder hanteer self die masjien nie.

22. SNOEPWINKEL

- Die snoepwinkel mag tydens pouse besoek word.
- Gedrag teenoor snoepwinkelpersoneel moet hoflik en onberispelik wees.
- Swak maniere kan daartoe aanleiding gee dat 'n leerder verbied word om by die snoepwinkel te koop.

23. KOSHUISE

- Koshuisreëls moet te alle tye nagekom word.
- Hierdie aangeleentheid sal met die leerders in die koshuise bespreek word.
- By eerste toelating van leerders, ontvang die ouers 'n stel koshuisreëls.

24. STUDIEPERIODES / TOESIGPERIODES

- Leerders MOET toesigperiodes bywoon.
- Afwesigheid van toesigperiodes word as stokkiesdraai beskou en word dienooreenkomstig gestraf.

25. IDENTITEITSKAARTE

- Elke leerder ontvang 'n identiteitskaart wat op die linker kraag sigbaar gedra moet word. Hierdie kaart dien as 'n toegangs permit tot die skool.

  GEEN UITSONDERING – GEEN KAART – GEEN TOEGANG.
- Indien die kaart verloor/beskadig/gesteel is kan daar aansoek gedoen word vir 'n nuwe kaart teen 'n betaling van R50 (vyftig rand).

26. HUISWERKBOEK

- Leerders word uitgereik met 'n huiswerkboek. Alles word aangeteken en ouers moet aanbeveel word om dit weekliks te onderteken.
- Die leerder mag nêrens beweeg sonder die boek nie. Indien sodanige leerder buite die klas gevind word moet daar in the boek op die bepaalde dag, datum en tyd redes deur onderwyser met 'n handtekening aan opvoeder aangeteken wees.
- Indien dit verlore raak kan daar aansoek gedoen word vir 'n nuwe huiswerkboek en dan aangekoop word teen 'n koste van R100 (een honderd rand).

C. SPORT GEDRAGSKODE

Vir die daarstel van ‘n eenvormige beleid betreffende verlangde gedrag by Triegie-leerders, hul ouers, toeskouers en afrigters wat verwag word by alle buitemuurse aktiwiteite.

C.1. Leerders:

1. Optrede moet altyd tot eer en opbouing van die skool en gemeenskap wees.
2. Die skool se eiendom asook publieke vervoermiddels altyd respekteer.
3. Respekteer en aanvaar die beslissings van skeidsregters en beamptes.
4. Nie gebruik maak van kru taal of vloek nie, asook hulself daarvan weerhou om onsportiewe opmerkings te maak.
5. Binne die reëls van die spel deelneem.
6. Goeie sportmanskap handhaaf deur eie spanmaats en opponente te respekteer.
7. Met nederigheid wen en met grasie verloor.
8. Korrekte kleredrag by byeenkomste, kompetisies en tydens wedstryde dra.
9. Geen ongeoorloofde produk gebruik om prestasie te verbeter nie.

C.2. Ouers, toeskouers en afrigters:

1. Beskou hulself as verteenwoordigers van die skool by wedstryde.
2. Onwettige gebruik van alkohol is verbode. Oortreders sal onmiddelik versoek word om die terrein te verlaat.
3. Ouers en toeskouers moet te alle tye gedurende kompetisies op die aangeduide area sit/staan en nie die speelveld betree nie.
4. Weerhouding van wangedrag soos skreeu op spelers en beamptes, asook die maak van negatiewe opmerkings teenoor opponerende spelers, hul afrigters, ouers of beamptes.
5. Positiewe ondersteuning is inspirerend, vermy ten alle koste afbrekende kritiek.
6. Ouers moet nie inmeng met die afrigter se spankeuse nie. Voorstelle wat met die regte gesindheid gepaard gaan kan wel aan afrigters op die regte tydstip deurgegee word.

C.3. Dissiplinêre optrede:

1. Indien ‘n leerder ernstige wangedrag pleeg, bv. die ontvang van ‘n rooikaart, vloek of skel op die skeidsregter, baklei op die veld of daarby betrokke raak, sal dit outomaties verwys word na die Beheerliggaam se dissiplinêre komitee. Indien die leerder skuldig bevind word, kan hy/sy vir minstens die volgende twee byeenkomste, kompetisies of wedstryde geskors word.

D.3. DWELMTOETS

1. Artikel 8 A van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (WET 84 van 1996) magtig die hoof en/of sy afgevaardigde om deursoeking en/of urine dwelm toetsing uit te voer as redelike vermoede bestaan. Indien uitslag positief is sal die kistes van sodanige apparaat van die leerder se ouer/voog verhaal word. Indien die uitslag vetwis sou word, moet die ouer/voog op eie koste bloed toetse laat uitvoer. Voorgeskrewe dissiplinêre prosedure soos uiteengesit in skoolreëls en gedragskode sal nagekom word.

DEEL 3

DISSIPLINÊRE STELSEL

3. KREDIETPUNTESTELSEL

3.1.a Die doel van die kredietpuntstelsel is om:

- Groter betrokkenheid by die skool en skoolaktiwiteite aan te moedig.
- Erkenning aan leerders te gee vir die positiewe bydrae wat hul lewer om die skoolomgewing aangenaam te maak.
- 150 punte te versamel om sodoende beloon te word en vroeër huis toe te mag gaan op die aangewese dag.
- Hierdie krediete vervang nie debietpunte nie.

3.1.b Kategorieë

KODE	KREDIET	PUNT
K1	Huiswerk wel gedoen (hele klas het nie)	5
K2	Skoonmaak van klasse, saal of terrein (eie inisiatief)	5
K3	Aanmelding van moeilikheid / vandalisme / ongerymdhede / (Wie betrokke was – bevestig na ondersoek)	10

KODE	KREDIET	PUNT
K4	Voorkoms altyd netjies (toegeken per kwartaal)	10
K5	Geen debiete vir ‘n hele kwartaal	10
K6	Slaag alle vakke per kwartaal	10
K7	Hulpvaardig by skoolaangeleenthede (per aktiwiteit) – gedeelte van die dag	10
K8	Hulpvaardig by skoolaangeleenthede (per aktiwiteit) – die hele dag	20
K9	100% skoolbesoek per kwartaal	20
K10	Skorsing uitgedien	15
K11	Detensie bygewoon	15
K12	Dissiplinêre verhoor voltooi	20
K13	Goeie gedrag	5

3.2. DEBIETPUNTESTELSEL

DISSIPLINÊRE STELSEL

1. Elke situasie word regverdig op meriete hanteer.
2. Hulpverlening aan leerlinge word vooropgestel.
3. Skoolsit (detensie) sal Vrydag-namiddae / bepaade dag geskied. Oortreders moet dit bywoon.
4. Ouer-onderhoude met ouers sal by die skool plaasvind.
5. In geval van skorsing, is dit onmiddellik van krag ongeag toetse en buitemuurse aktiwiteite. Alle huiswerk moet na afloop van ‘n skorsing, op datum wees.
6. Ouers en leerders sal op hoogte van opvolgstrawwe gehou word indien oortredings herhaaldelik plaasvind.
7. ‘n Dissiplinêre komitee sal met oortredings handel wanneer nodig.
8. Oortredings word tot kategorieë A, B,C en D geklassifiseer en hanteer.

KATEGORIE A

Die betrokke personeellid moet die A-oortreding(s) op ‘n klaslys per datum aanteken. Ná ‘n 2de A-oortreding teken die onderwyser die betrokke leerder se naam en wangedrag op die rekenaar lêer aan. Na 15 (vyftien) debiete sal detensie volg.

KODE	OORTREDING	PUNT
A1	Totale huiswerk versuim (X2)	5
A2	Skrifte / lêers / handboeke / leermateriaal / hulpmiddels vergeet (X2)	5
A3	Laat in Klas	5
A4	Laat by skool	5
A5	Onwettige rondloop in klas / saal	5
A6	Sonder toestemming / toesig op terrein (klas, badkamer, ens)	5
A7	Geen ID kaart	5

KATEGORIE B

Personeellid teken self aan op rekenaar teen leerder se naam en verwittig disiplinêre kantoor.

KODE	OORTREDING	PUNT
B1	Werk afgeskryf (huiswerk / opdragte / take)	5
B2	Besoek koshuis sonder toestemming.	5
B3	Leuens	5
B4	Oneerlikheid	5
B5	Vuiltaal	5
B6	Ongehoorde fisiese kontak / vryery	5
B7	Weiering om wettige opdrag uit te voer	5
B8	Voorkoms nie volgens voorskrifte (hare / naels / juwele / grimering)	5
B9	Skooldrag nie volgens voorskrifte (skoolklere / skoene)	5
B10	Ontsier skoolterrein / Rommelstrooi	5
B11	Krap op banke	5
B12	Krap in boeke	5
B13	Gevaarlike speletjies / praktyke	5
B14	Algemene oortreding van skoolreëls	5
B15	Swak gedrag tydens sportbyeenkomste	5
B16	Swak gedrag tydens skoolfunksies / op busse	5
B17	Ontwrigtende gedrag in klas	5

KATEGORIE C

Die betrokke personeellid begelei die leerder wat die tipe oortreding begaan, onmiddellik na die hoof / adjunkhoof / dissiplinêre beampte. Skriftelike verslae word deur alle betrokke partye opgestel waarna die hoof / adjunkhoof die saak deeglik laat ondersoek. Die hoof / adjunkhoof skakel met die ouers en kan die prosedures vir ‘n dissiplinêre verhoor in werking stel. Dissiplinêre verhore kan lei tot 7 (sewe) dae skorsing.

KODE	OORTREDING	PUNT
C1	Gebruik van vals identiteit	10
C2	Skadelike graffiti / beledigende taalgebruik / seksisme / rassisme – ook op sosiale netwerke / ongewenste selfoon fotos neem of versprei	10
C3	Onwettige optrede / vandalisme / beskadiging / vernietiging van skooleiendom	10
C4	Disrespek / onaanvaarbare gedrag / lasterlike of vloek taalgebruik teenoor mede-leerders / opvoeders / nie-onderwyspersone ook op sosiale netwerke	10
C5	Oortredings van toets- / eksamenreëls en regulasies	10

KODE	OORTREDING	PUNT
C6	Kennis dra van / vals inligting verstrek / vals dokumentasie gebruik tot ‘n onwettige voordeel.	10
C7	Afwesig by detensie	10
C8	Detensiebrief nie ingehandig	10
C9	Skandelike gedrag / optrede teenoor lede van die publiek / skeidsregters	10
C10	Rook / besit van sigarette	10
C11	Disrespek teenoor LUK en personeel	10
C12	Steurende gedrag tydens opening.	10
C13	Afwesig van skool/klas sonder toestemming	15

KATEGORIE D

Die hoof / adjunkhoof / dissiplinêre beampte skakel of kontak ouers onmiddellik. Dit sal lei tot onmiddellike skorsing van tot sewe (7) dae tot met die dissiplinêre verhoor. Dit is die verantwoordelikheid van die Beheerliggaam om toe te sien dat alle prosedures soos in die Suid-Afrikaanse Skolewet in sulke gevalle nagekom word.

KODE	OORTREDING	PUNT
D1	Gedrag wat die veiligheid van medeleerders / opvoeders in gevaar stel / hul regte aantas.	20
D2	Besit van / afdreig met / gebruik van ‘n gevaarlike wapen	20
D3	Besit / Gebruik / Handeldryf / Onder die invloed van dwelms / Onwettige middels / Alkohol	20
D4	Aanranding / baklei	20
D5	Immorele gedrag / pornografie – ook met selfone, ens.	20
D6	Diefstal / besit van gesteelde goedere (ingeslote toetse / eksamenvraestelle)	20
D7	Kriminele- en ander wangedrag wat verband hou met seksuele teistering – ook op sosiale netwerke	20
D8	Viktimisasie / afknouery / intimidasie van medeleerders / opvoeders	20

3.3. TUGMATREËLS / STRAWWE

Die doelwit van tugmaatreëls (dissiplinêre stelsel) is om :

- Leerders tot verantwoordelike,selfstandige besluitneming op te voed.
- Selfdissipline by leerders te kweek.
- ‘n Sterk pligsbesef by leerders te kweek.

3.3.1. Die Tugmaatreëlstelsel van die Hoërskool Louis Trichardt.

Die tugstelsel wat by die skool gevolg word, is ‘n kategoriestelsel gekombineer met ‘n detensie- en dissiplinêre verhoor stelsel.

LET WEL: Die skool kan regtens ‘n leerder, wat die skoolreëls herhaaldelik oortree of herhaaldelik dieselfde oortreding in terme van die strafstelsel begaan, vir tot sewe (7) skooldae skors hangende ‘n dissiplinêre verhoor.

3.3.2. Hantering / optredes ten opsigte van oortredings

Implikasie van debietpunte

Wanneer 15 strafpunte bereik word vind die eerste detensie (skoolsit) plaas. Dit staan bekend as uitreiking van eerste rooi brief (RB01). ‘n Kennisgewing van detensie word gedurende die week van detensie aan die leerder oorhandig. Hierdie kennisgewing moet deur leerder en ouer onderteken word en op die bepaalde dag van detensie (skoolsit) aan die betrokke onderwyser oorhandig word.

Wanneer ‘n C13 wangedrag plaasvind: Afwesig van skool/klas (stokkiesdraai), is die gevolg, onmiddelike detensie en/of dissiplinêre verhoor wat kan ly tot skorsing/uitsetting.

Wanneer 30 strafpunte bereik word, in enige kategorie, verwys die hoof gewoonlik sodanige aangeleenthede vir dissiplinêre optrede (Interne dissiplinêre verhoor). Skriftelike kennisgewing van sodanige verhoor word aan die leerder oorhandig. Hierdie kennisgewing moet deur die ouer/voog onderteken word en op die dag van verhoor ingehandig word (Hierdie komitee sal met sodanige skuldigbevinding verskeie optredes vereis).

Wanneer 45 strafpune bereik word in kategorie A of B, of 30 punte in kategorie C of ‘n kategorie D oortreding, kan so ‘n leerder vir ‘n week (7dae) geskors word. In hierdie gevalle word die wangedrag na die Beheerliggaam se Dissiplinêre komitee vir verhoor verwys. Kennisgewing van voorgenome dissiplinêre verhoor word ook aan die leerder oorhandig. Ouers van hierdie leerder moet ook hierdie kennisgewing onderteken en die dag van die verhoor moet dit ingedien word. (Met skuldigbevinding kan vonnis allerlei gevolge inhou - sien paragraaf 3.3.3)

3.3.3. Dissiplinêre verhore

- Ingevolge die Skolewet word ernstige gevalle van wangedrag deur die hoof verwys na die Beheerliggaam se dissiplinêre komitee vir verhoor.
- ‘n Kennisgewing oor die verhoor moet vyf (5) werksdae voor die verhoor skriftelik aan die ouers en die leerder gelewer word.
- Die kennisgewing moet inligting oor die beweerde oortreding bevat asook inligting oor die datum, tyd en plek van die verhoor, asook dat die leerder deur ‘n ouer/voog vergesel moet word en regsverteenwoordiging mag hê.
- ‘n Verhoor wat plaasvind ooreenkomstig die voorafgegewe kennisgewing, mag voortgaan selfs in die afwesigheid van die leerder.
- By skuldigbevinding mag die leerder as straf weer vir tot sewe (7) skooldae geskors word, of alternatiewelik geskors word vir veertien (14) dae terwyl die saak na die Departement verwys word met ‘n aanbeveling vir uitsetting.